

## OPGRADERING VAN MAGISTER NA PHD

Daar is **twee gevalle van opgradering**, nl:

**A.** wanneer die **studieleier 'n aanbeveling** maak **OF**

**B.** wanneer die student sy volledige magister tesis ingehandig het, eksaminatorsverslae ontvang is, 'n mondeling gehou is en die **eksamenkommissie 'n aanbeveling** vir opgradering maak

### A. AANBEVELING DEUR STUDIELEIER

Die studieleier voel dat die kwaliteit van 'n student se magister-werk uitmuntend is en opgradeer behoort te word na PhD.

**Die volgende REËLS geld vir die omskakeling van 'n student se inskrywing van magister- na doktorsale studie** (soos op p. 215 in Algemene Jaarboek 2010, Deel 1):

Dat, in verdienstelike gevalle, en met inagneming van die beste belange van die betrokke student, die omskakeling van 'n inskrywing vir die M-graad waarby 'n tesis vereis word na 'n inskrywing vir 'n PhD-graad deur 'n fakulteitsraad oorweeg en aanbeveel kan word, m.d.v.:

- 1.) dat die student **uitsonderlike vordering met sy navorsing** getoon het (registrasie vir die doktorsale studie na ten minste een jaar se inskrywing vir die magisterstudie) en nie later nie as tydens die derde jaar van inskrywing vir die magisterstudie om omskakeling aansoek sal doen;
- 2.) dat in die loop van die M-studie **nuwe en oorspronklike insigte** na vore gekom het wat **verdere ondersoek op doktorsale vlak regverdig**;
- 3.) dat die studie sodanig is dat dit die **omvang van 'n M-studie oorskry** en verdere ondersoek op doktorsale vlak regverdig;
- 4.) dat die **resultate van die M-studie verkieslik reeds aanvaar is vir publikasie in 'n vaktydskrif** van hoogstaande gehalte, hoewel dit nie 'n voorvereiste is nie;
- 5.) dat oorweging van omskakeling van M- na PhD-studie sal geskied op inisiatief van die studieleier wat 'n **versoek en motivering aan die nagraadse koördineerder rig**.

Die studieleier stel daarna 'n **evalueringskomitee van drie of vier lede** aan wat oor die nodige vakkundige kennis beskik om die aansoek te beoordeel. Daar moet 'n onafhanklike interne eksaminator wees en ten minste een onafhanklike eksterne eksaminator. Al die lede van die komitee moet oor 'n **PhD kwalifikasie** beskik.

**Let wel: Aangesien die paneel slegs 'n opinie gaan gee (of die student kan opgradeer of nie), hoef die studieleier nie amptelik eksaminatore aan te wys nie.**

Hierdie komitee hoef nie noodwendig die student se uiteindelijke PhD eksaminatore te wees nie.

Die student stel dan, na oorleg met die studieleier, 'n **kort verslag** op (ten minste 10 bladsye) waarin:

- (i) die vordering wat met die M-studie gemaak is, gerapporteer word, en
  - (ii) 'n voorlegging oor die beoogde PhD-studie gemaak word, bestaande uit onder andere 'n gedetailleerde protokol, wat volledige inligting bevat oor die hipotese(s), literatuuroorsig, materiaal en tegniek van die studie, lewensvatbaarheid en etiese implikasies van die studie.
- 6.) dat die student minstens **drie** jaar lank gesamentlik vir die M- en PhD-grade ingeskryf moet wees, waarvan minstens een jaar vir die PhD-graad, voordat die laasgenoemde graad toegeken kan word
  - 7.) dat studiegeld na omskakeling nie terugwerkend aangepas word nie.

### Op watter tydstip word opgradering oorweeg?

'n Studieleier kan op twee tye besef dat sy student behoort op te gradeer, nl:

- soos die student met sy navorsing vorder, besef die studieleier dat sy werk van PhD gehalte is
- wanneer die student sy finale 'draft' aan die studieleier voorlê vir goedkeuring voordat hy sy tesis inhandig vir evaluering, sien die studieleier dat sy werk van PhD gehalte is

### **STAPPE VIR OPGRADERING (op aanbeveling van die studieleier):**

1. Die studieleier stel 'n evalueringskomitee van drie of vier lede aan wat oor die nodige vakkundige kennis beskik om die aansoek te beoordeel. Daar moet 'n onafhanklike interne eksaminator wees en ten minste een onafhanklike eksterne eksaminator. Al die lede van die komitee moet oor 'n **PhD kwalifikasie** beskik.

**Let wel: Aangesien die paneel slegs 'n opinie gaan gee (of die student kan opgradeer of nie), hoef die studieleier nie amptelik eksaminatore aan te wys nie.**

Hierdie komitee hoef nie noodwendig die student se uiteindelijke PhD eksaminatore te wees nie.

2. Die student se dokumentasie (soos by punt 5 by "A" hierbo genoem) word, tesame met 'n brief van die nagraadse koördineerder, aan lede van die komitee gestuur (die brief verskaf riglyne waarteen die verslag evalueer moet word - sien voorbeeld hieronder).

3. Die komitee kry 'n tydperk van 2-4 weke om na die student se verslag te kyk en 'n geskrewe evaluering te voltooi.

4. Sodra die evalueringsverslae van die komitee ontvang is, reël die studieleier 'n **gesprekssessie** met die lede van die komitee. Die nagraadse koördineerder sal as voorsitter van hierdie sessie dien.

5. Indien alle lede van die evalueringskomitee tevrede is dat opgradering wel moet geskied, maak die nagraadse koördineerder 'n skriftelike aanbeveling en lê dit aan die Dagbestuur voor. Indien die voorsitter die versoek ondersteun, rig hy 'n versoek aan die dekaan en fakulteitsraad.

**Indien 'n student reeds 'n volledige Magister tesis geskryf het**, is dit net nodig om die beplanning vir die PhD by te voeg (bestaande uit onder andere 'n gedetailleerde protokol, wat volledige inligting bevat oor die hipotese(s), literatuuroorsig, materiaal en tegniek van die studie, lewensvatbaarheid en etiese implikasies van die studie).

### **B. AANBEVELING DEUR DIE EKSAMINERINGSKOMMISSIE NA AFLOOP VAN VOLLEDIGE MAGISTER EKSAMINERINGSPROSES**

Na afloop van die mondeling kan 'n eksaminator aanbeveel dat die Magister opgegradeer kan word na 'n PhD. 'n Eksaminator kan dit natuurlik ook in sy verslag voorstel.

Die voorsitter van die eksamineringskommissie moet ook bedag wees op die eksaminatore se kommentare en die voorstel van 'n moontlike opgradering op indien daar sprake van oorspronklike werk is.

'n Punt word nogtans deur die eksamineringskommissie vasgestel omdat die student nie noodwendig met PhD studies sal wil voortgaan nie. Indien die student wel wil voortgaan, gaan die aanbeveling na die Dagbestuur en dan na die Fakulteitskomitee wat die finale besluit neem.

### **Aansoek vir PhD na opgradering vanaf Magister**

Wanneer die opgradering goedgekeur word op die Dagbestuur, moet daar terselfdertyd formeel aansoek gedoen word vir PhD (interne E&E aansoekvorm wat op Dagbestuur goedgekeur moet word).

Die aansoek moet vergesel word deur 'n **gedetailleerde navorsingsvoorstel** (soos in punt 5 by "A" hierbo uiteengesit).

Dus (as opsomming) moet die aansoek die volgende insluit:

- 'n oorsig oor die breë navorsingsgebied
- literaturoorsig
- beoogde fokus-area
- materiaal en tegniek van die studie
- 'n werksbeplanning (wat 'n tydrooster insluit)
- publikasies kan aangeheg word

Maart 2010